Publication: Sake, (Burger Oos Kaap)
Date: Friday, December 08, 2017
Page: 14

# G'n openbare deelname, sê energieminister

Francois Williams

David Mahlobo, minister van energie en vertroueling van pres. Jacob Zuma, is vasbeslote om kernkrag in die regering se kragbloudruk vir die tydperk tot 2050 in te dwing en gaan geen verdere openbare deelname oor die plan toelaat nie.

Dit blyk uit kommunikasie tussen Mahlobo en 'n paar burgerregte- en omgewingsorganisasies die laaste paar weke.

Dit het begin met Mahlobo se uitsprake in die parlement in November dat hy die afhandeling van die geïntegreerde hulpbronplan (IRP) gaan versnel. Daar was einde verlede jaar en begin vanjaar openbare deelname oor die konsepweergawes van die plan, maar dit blyk 'n finale weergawe is nou reeds vir goedkeuring na die kabinet gestuur.

Die plan moet uiteensit hoeveel watter energiebron oor die volgende meer as 30 jaar in Suid-Afrika se kragvraag moet voorsien. Die konsepweergawes het gewys kernkrag is nie nodig in die plan tot ná 2037 nie, maar as kunsmatige perke geplaas word op die hoeveelheid hernubare energie in die plan, is kernkrag wel nodig.

Studies van die WNNR het gewys kernkrag is onnodig en te duur. Die goedkoopste opsie, wat terselfdertyd sal voldoen aan Suid-Afrika se teikens vir kweekhuisgasvermindering, is 'n kombinasie van hernubare energie en gas.

Die burgerregtegroepe het snuf in die neus gekry omdat net sekere instellings na Mahlobo se energie-indaba genooi is. Die twee dae lange indaba het gister begin.

Ná briewe aan Mahlobo het hy vandeesweek met die groepe vergader en het toe aangedui daar gaan geen verdere openbare deelname oor die IRP wees voordat dit deur die kabinet goedgekeur word nie.

Greenpeace Africa, Groundwork, Earthlife Africa en die Sentrum vir Omgewingsregte sê die konsultasie oor die IRP is onvoldoende en kan in die hof bevraagteken word.

Die Organisasie teen Belastingmisbruik (Outa) is ook nie na die energie-indaba genooi nie en het gesê hy gaan alles in sy vermoë doen om die "irrasionele" kernkragprogram teen te staan.



**David Mahlobo, minister van energie, gister aan die woord op sy departement se energie-indaba, wat tot vandag by Gallagher Estate in Midrand gehou word.** Foto: REUTERS

Uit die burgerregtegroepe se weergawe van hul gesprek met Mahlobo blyk dit hy sê al die energiebronne, insluitend gas, groenkrag en kernkrag, sal in die IRP wees, maar hul onderskeie bydraes sal proporsioneel verminder word weens die huidige swakker vraag na elektrisiteit.

Mahlobo het glo gesê daar sal 'n "vernietigende" impak wees as enige energiebron uitgesluit word, dat daar 'n gelyke speelveld moet wees en dat hy (Mahlobo) die skeidsregter is.

Volgens hom is die regering se energiebeleid gegrond op wat beskikbaar is. Die omgewingsgroepe sê daar is genoeg bewyse dat die ekonomiese en omgewingsimpak van steenkool, kernkrag en gas aansienlik groter is as dié van ander energiebronne, en ná dekades van subsidies aan steenkool en kernkrag is die speelveld allesbehalwe gelyk, veral wat betref hernubare energie.

Volgens Mahlobo is kernkrag die "beste opsie". Hy meen hernubare energie is wisselvallig. Daar is nie altyd genoeg son en wind nie en die stofdeeltjies in die wind – en as die wind teen die verkeerde spoed waai – kan die windturbines vernietig.

Nie alle steenkoolkragstasies moet gesluit word nie, maar tegnologie soos koolstof-opvangs en -berging moet benut word, het Mahlobo gesê. Die omgewingsgroepe sê tot dusver bied die groot steenkoolbesoedelaars, soos Eskom en Sasol, sterk weerstand om aan luggehaltestandaarde te voldoen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.